

**Dinsdag 30 April**

<b>Skrifgedeelte:</b> <b>22:1-21</b>	<b>Openbaring</b>	<b>Fokusgedeelte:</b> <b>22:17, 20 (1933/53-vertaling)</b>	<b>Openbaring</b>
---	-------------------	---	-------------------

**Een uit die hemel, kom gou!**

Met die verkondiging van die Messiasryk en die volheid daarvan wat sal deurbreek met die “tweede koms” van die Een uit die hemel, is dit asof die dringendheid om daaraan deel te hê, by die hoorders net groter en groter word. Hierdie toedrag van sake word duidelik uit die herhaalde gebruik van die woord “kom” in vers 17, waar die Gees en die bruid (kerk) dit dan saam uitroep.

Hierdie “kom” van die Gees en die bruid (kerk) is ’n oproep vir elkeen wat dit hoor om gereed te maak vir die monumentale moment van die “tweede koms” van die Een uit die hemel (Christus). Die proses van gereedmaak behels dan “en laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (vs 17). Hierdie deelkry aan die “water van die lewe” bring mee by hulle ’n “nuwe lewe” daarin dat hulle nou “wederkoms-gerig” lewe. Hulle verwag dus “die Een uit die hemel”, hulle verlang na “die Een uit die hemel” – geen vrees of paniek vir hulle nie, maar die heerlike vervulling van dit wat verkondig is.

Vers 20 verdiep hierdie “verwag” en “verlang” verder deur die uitroep “Amen, ja kom, Here Jesus”. So dringend is die volle deurbreek van die Messiasryk dat die hoorders van hierdie blye boodskap hulle direk tot die Een uit die hemel rig en dit as’t ware met die versoek “kom gou”. Die wonderlike vanuit hierdie selfde vers is die woorde van die Here aan hulle wat gereedmaak vir die monumentale moment van die “tweede koms”, naamlik: “Ek kom gou.” Die bevestiging deur Christus self dat Hy spoedig sal kom!

Laat ons daarom met nuwe ywer gewerk deur die Heilige Gees opnuut “wederkoms-gerig” lewe, terwyl ons saam met die Gees en die bruid (kerk) van alle tye roep: *Een uit die hemel, kom gou!*

*Sing: Psalm 146-1:6, 8*

*Ds. HJP de Beer (Hendrik) (Magol/Koedoesrand)*